

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: VRAESTEL II

INSTRUKSIES AAN ONDERWYSERS EN TOESIGHOUSERS

DETAILS VIR DIE PRAKTIESE EKSAMEN (VRAESTEL II)

Onderwysers moet seker maak dat die volledige pakket (woordverwerker, sigblad en databasis), met inbegrip van assistente en hulp, geïnstalleer en beskikbaar is op die rekenaars wat gebruik word deur leerders wat hierdie vak neem en hierdie eksamen aflê. Leerders sal 'n teksredigeerder soos Notepad, WordPad en Notepad ++ nodig vir die HTML-kodering. Vir leerders wat deur die medium van Afrikaans skryf, moet 'n Afrikaanse speltoetser geïnstalleer wees. Microsoft Office 2007 is die minimum sagtewarevereiste. Dit is noodsaaklik vir Graad 12 in 2015.

Tydens die drie-uur-eksamen sal dit van leerders verwag word om probleme op te los deur gebruik te maak van die toepassingspakkette, naamlik woordverwerking, sigblaaie, databasisse en webontwikkeling. Die kandidate sal getoets word op inhoud en vaardighede soos beskryf in *Kurrikulum en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) Rekenaartoepassingstegnologie – Afdeling 3: Departement Basiese Onderrig Republiek van Suid-Afrika (2011)*.

Gebruik van skywe

Datalêers en/of die struktuur van die data (skermkiekies van die datalêers) sal op CD aan skole voorsien word vir gebruik in die praktiese eksamen. Daar word van die RTT-onderwyser verwag om die datalêers wat aan die skool voorsien is, die dag VOORDAT die eksamen sal plaasvind, te kontroleer. Die RTT-onderwyser moet seker maak dat die skywe virusvry is en deur die toepaslike sagteware toeganklik is en gelees kan word. Daar word ook van die RTT-onderwyser verwag om reëlins te tref om die data beskikbaar te maak (*afhangende van die Office-weergawe, bv. 2007, 2010*) aan die leerders wat die eksamen skryf, soos voorgeskryf in die eksameninstruksies wat die vraestelle vergesel. Hierdie instruksies word in 'n aparte koevert afgelewer en moet twee dae voor die eksamen geskryf word, oopgemaak word. Onderwysers mag NIE die geseëde koeverte met die vraestelle oopmaak voor die dag waarop die eksamen geskryf word nie.

Indiening van die praktiese eksamen vir nasien

Na afloop van die eksamen is dit die onderwyser se verantwoordelikheid om te verseker dat al die leerders se data op die twee skywe geplaas word wat deur die IEB voorsien is. 'n Rugsteun kopie moet ook gemaak word. Elke leerder moet hul eie gids hê met hul eksamennommer as die naam met alle lêers daarin. Die onderwyser en prinsipaal sal die vorms teken om te verklaar dat alles korrek gedoen is, waarna die skywe aan die IEB terugbesorg moet word.



OMSENDERBRIEF NR. 111/2015

18 Augustus 2015

**AAN: PRINSIPALE VAN SKOLE WAT KANDIDATE VIR DIE 2015 NASIONALE
SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN INSKRYF**

**REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE PRAKTIESE EKSAMEN
(RTT VRAESTEL II)**

Indiening van die praktiese eksamens vir nasien

Die Rekenaartoepassingstegnologie: Vraestel II (Praktiese Eksamen) sal op Woensdag, 14 Oktober 2015, vanaf 9:00 tot 12:00 afgelê word. Wanneer die eksamen afgehandel is, moet die volgende gedoen word:

1. Dit is die verantwoordelikheid van die RTT-onderwyser om te verseker dat al die kandidate se data op die twee kompakskywe met strepieskodes, wat deur die IEB voorsien word, geskryf word.
2. Elke kandidaat moet 'n eie gids op die kompakskyf hê, met hul eksamennommer as die naam van die gids. Alle lêers moet in die relevante gids geplaas word.
3. 'n Rugsteunkopie moet ook gemaak word en tot 28 Februarie 2016 by die skool op toepaslike bergingsmedia gehou word totdat die hernasienproses afgehandel is.
4. Die kompakskywe moet teen Woensdag, 21 Oktober 2015, in die opgestopte koevert wat die IEB voorsien het aan die IEB terugbesorg word.
5. Die twee kompakskywe met strepieskodes en die opgestopte koevert sal in dieselfde versending aan skole gestuur word as die RTT finale praktiese eksamen.

Lig asseblief u RTT-onderwysers en die hoofopsiener van u skool in oor die inhoud van hierdie omsendbrief.

Helen Sidiropoulos
Assesseringspesialis

Margie Luckay
Seniorbestuurder: Ondersteuningsdienste